# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | JUNIE 2024 |
| **VAK** | VISUELE KUNS |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 100 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 19 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## ALGEMENE INSTRUKSIES VIR NASIENERS

1. Hierdie nasienriglyne dien as beide riglyne vir nasieners sowel as 'n onderrig hulpmiddel. Die nasienriglyne vir sekere vrae word in meer diepte bespreek, aangesien die inligting as leermateriaal gebruik kan word. Ander dele van die nasienriglyne kan slegs as 'n voorgestelde riglyn dien.

2. Hierdie nasienriglyn bestaan uit AGT vrae. Kandidate moet enige VYF vrae vir ‘n totaal van 100 punte beantwoord.

3. Vrae en subvrae moet duidelik en korrek genommer word volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.

5. Waar van toepassing moet kandidate na die afgebeelde visuele bronne verwys.

6. Geen punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word nie. Kruisverwysing na kunswerke is toelaatbaar.

7. Die naam van die kunstenaar en titel van elke kunswerk moet genoem word in die antwoorde.

8. Antwoorde moet in volsinne geskryf word. Volpunte kan nie toegeken word as daar in puntvorm geskryf word nie. Volpunte kan nie toegeken word as die kunswerk verkeerd is nie, ens.

9. Nasieners moet na die aangehegte beskrywende rubriek verwys om prestasie vlakke te assesseer.

10. Kandidate moet vir laterale denke gekrediteer word. Argumente/stellings moet geregverdig word met verwysing na spesifieke faktore.

11. Nasieners word aangemoedig om kandidate te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te straf vir wat hulle nie weet nie.

| **WOORDELYS**<br><br>**Gebruik die volgende woordelys om seker te maak jy verstaan hoe om 'n spesifieke vraag te benader** | |
|---|---|
| **Analiseer:** | 'n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele kunselemente soos lyn, kleur, toonwaarde, formaat en komposisie van 'n kunswerk. |
| **Beskryf:** | Skryf visuele inligting neer in woorde. |
| **Interpreteer:** | Analiseer en evalueer (gee 'n ingeligte mening oor) 'n kunswerk. Kontekstualiseer dit histories, kultureel, sosiaal, polities, ensovoorts en motiveer jou bevindinge deur na soortgelyke spesifieke voorbeelde te verwys. |
| **Vergelyk:** | Toon die verskille en ooreenkomste op 'n geordende wyse binne dieselfde argument aan. |
| **Kontekstualiseer:** | Plasing binne 'n sosiale, kulturele, politieke en historiese raamwerk van 'n kunswerk, met betrekking tot die situasie, tyd en plek waarna die kunswerk verwys. |
| **Bespreek:** | Stel jou standpunt en gee redes vir jou stellings. |
| **Formele kunselemente:** | Die basiese elemente wat gebruik word om 'n kunswerk te skep, soos lyn, vorm, toonwaarde, tekstuur, kleur, ruimte, komposisie, ensovoorts. |
| **Motiveer:** | Om met bewyse te ondersteun. |
| **Noem:** | Gee presiese feite en sê direk wat jy dink – gee jou mening, asook 'n verduideliking. |
| **Visuele bronne:** | Die visuele afbeeldings wat in hierdie vraestel gegee word of waarna in ander bronne verwys word. |
| **Kontemporêr:** | Die huidige tydperk. Kontemporêr verwys na kuns wat gedurende ons leeftyd geskep en voortgesit word. Begin rondom die 1970's tot vandag toe. |
| **Lewer kommentaar:** | Om jou mening of houding oor iets uit te druk. |
| **Reflekteer:** | Dink diep of versigtig na oor 'n vraag en lewer dan jou opinie of mening, na aanleiding van jou refleksie. |

## ASSESSERING VAN LEERDERS SE VERMOË OM VOORBEELDE VAN VISUELE KULTUUR TE ONTLEED EN DAAROP TE REAGEER.

| Prestasiekode | Onderwerp 3: Visuele Kultuurstudies |
|---|---|
| **7<br>Uitstekend<br>80 – 100 %** | Demonstreer uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en histories kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste - terminologie.<br>Demonstreer uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings. |
| **6<br>Verdienstelik<br>70 – 79 %** | Demonstreer goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en histories kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste - terminologie.<br>Demonstreer hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Wys uitstekende insig en begrip. |
| **5<br>Substansieel<br>60 – 69%** | Demonstreer substansiële vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en histories kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon substansiële vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste - terminologie.<br>Demonstreer goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon goeie vlak van insig en begrip. |
| **4<br>Gemiddeld<br>50 – 59%** | Demonstreer gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en histories kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon voldoende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste - terminologie.<br>Demonstreer bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon redelike vlak van insig en begrip. |
| **3<br>Bevredigend<br>40 – 49%** | Demonstreer bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en histories kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon bevredigende vermoë met die gebruik van gepaste Visuele Kunste - terminologie.<br>Demonstreer bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon ‘n bevredigende vlak van insig en begrip. |
| **2<br>Elementêr<br>30 – 39%** | Demonstreer slegs basiese vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en histories kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon beperkte vermoë met die gebruik van gepaste Visuele Kunste - terminologie.<br>Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon ‘n elementêre vlak van insig en begrip. |
| **1<br>Nie behaal nie<br>0 – 29%** | Demonstreer min of geen vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en histories kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste - terminologie.<br>Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>Toon min of geen insig en begrip. |

# VRAAG 1

## DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

1.1

- Styl en tegniek

Die styl in Figuur 1a, is meestal realisties, soos gesien in die mense se gesigte en liggame. Aan die agterkant van die kunswerk word die figure meer gestileer, en minder detail is sigbaar. 'n Gladde tegniek word gebruik, in die velkleure en die klere van die mense.

Die styl in Figuur 1b is naturalisties, baie min detail word in die gesigte en hande van die mense gesien. Dit lyk of die skildery vinnig geskilder is, 'n ekspressionistiese styl is sigbaar, met die fokus op die toneel en nie op die detail nie. Al is daar nie baie detail nie, word tekstuur op die vloer en die muur gesien. Die gebruik van die medium dra ook by tot die tekstuur wat geskep word, los en vry kwashale is sigbaar.

- Komposisie en fokus punt

Die komposisie in Figuur 1a is redelik vol. Daar is orals figure en hulle vul die prentvlak. Die fokus is op die paartjie wat in die middel van die doek sit, die vrou kyk na die toeskouers en die man kyk na haar. Die komposisie herinner ons aan die Impressioniste se komposisies waar die beeld verby die kante van die prent kan strek. Die komposisie in Figuur 1b is nie so besig nie, die fokus is op die twee mans wat kaart speel, hulle word aan die linkerkant van die prentvlak in 'n binnenshuise omgewing geplaas en neem baie spasie in die kunswerk op.

- Gebruik van ruimte

Die ruimte in Figuur 1a is vol, klaustrofobies en besig. Alhoewel daar soveel mense in die prent is, skep die kunswerk nie 'n besige ruimte nie, want die meeste van die mense sit stil. Diepte word in hierdie kunswerk geskep deur figure voor te plaas, hulle is groter en die mense agter word kleiner uitgebeeld.
In Figuur 1b is die spasie taamlik plat. Die ruimte is gevul met die mense en die muur agter hulle. Al die elemente is op dieselfde skaal en skep dus nie regtig diepte in die kunswerk nie.

- Die moontlike betekenisse/boodskappe wat verband hou met die interaksie tussen die figure sowel as die atmosfeer wat dit skep.

Die mense in Figuur 1a lyk asof hulle rondsit, met vriende praat, en tyd saam spandeer. In die voorgrond slaap 'n persoon, sommige eet en ander ontspan net. In hierdie kunswerk oorheers die figure die komposisie, maar daar is nie baie interaksie tussen hulle nie. Dit lyk asof hulle besig is met hul eie aktiwiteite en gedagtes. Daar heers 'n rustige atmosfeer. Die figure beweeg/kyk in verskillende rigtings wat die oog uit die prentvlak lei.
In Figuur 1b speel die twee figure kaart in 'n kamer. Dit kan deel van hul daaglikse lewe wees, om tyd te hê om te ontspan en tyd saam met vriende deur te bring. Hulle het dalk nie werk nie. Soos uitgebeeld in hierdie kunswerke, sien ons wanneer mense vrye tyd het, kan

hulle ontspan, pret hê, gesels, of selfs iets nuuts leer soos kaart speel. Die toneel wys mense wat by ‘n tafel sit en verwys na sosiale vermaak. Die stemming in Figuur 1b wys afwagting, soos wat hulle met mekaar kommunikeer terwyl hulle speel. Daar is geen interaksie tussen die kaartspelers en die kyker nie.

(8)

1.2 Kandidate moet die kunswerke ontleed van TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars wat hulle bestudeer het wie se werk ons vertel van mense, plekke en die omstandighede in die samelewing.
Hulle moet EEN kunswerk van elke kunstenaar bespreek.

Verwys na die volgende:

- Name van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke✓✓
- Media en tegnieke✓✓
- Stylkenmerke✓✓
- Sosiale/kulturele invloede✓✓
- Moontlike betekenis wat oorgedra word✓✓✓✓

(12)

**[20]**

# VRAAG 2

## SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS

2.1

- Die kleurgebruik en die betekenis daarvan.

Skakerings van bruin en geel word daar hoofsaaklik in Figuur 2a gebruik. Die aardse kleure wat in Figuur 2a gebruik word, staan uit teenoor die kleure in Figuur 2b wat redelik dof en gedemp is. Daar is slegs stukkies okergeel gebruik in die figuur aan die regterkant en die dier aan die linkerkant van Figuur 2b. Die kleur in albei kunswerke pas by die tonele wat uitgebeeld word. In Figuur 2a word die mense wat aan die jagtoneel deelneem uitgebeeld, soos hulle in die natuur gesien word (skakerings van groen), en hul velkleure is donker (bruin). Figuur 2b is meestal monochromaties, dit help dat die figuur en dier uitstaan, aangesien daar net kleur op hulle sigbaar is.

- Bespreek die styl en tegniek.

Irma Stern se skildery (Figuur 2a) is in 'n ekspressionistiese styl geskilder, sterk kwashale is sigbaar met min detail en oordrewe proporsies. Die lyne is vloeibaar en krom, soos sigbaar in die honde en liggame van die mense. Figuur 2b is baie anders aangesien die skets 'n tekstuur skep wat die oppervlak aktiveer. Die kunswerk herinner ons aan Surrealisme, met ‘n dier en mens samesmelting. Meer detail word in hierdie kunswerk gesien as in Figuur 2a. Verskillende skakerings van grys is sigbaar in hierdie kunswerk.

- Die stemming/atmosfeer wat geskep is in die kunswerke.

Die jagters in Figuur 2a is in 'n klaustrofobiese toneel, dit herinner ons aan Picasso se ***Les Demoiselles d'Avignon**,* vanweë hul groepering, tweedimensionaliteit en skakels met Modernisme. Die stemming wat geskep word, is besig, energiek, lewendig en opwindend, as gevolg van die gekurfde lyne van die diere en mense. Die stemming in Figuur 2a is in kontras met Figuur 2b. Hier het ons 'n Surrealistiese, droomagtige en bisarre toneel. Die toneel skep 'n vreemde gevoel, veral met die dier wat in die lug sweef, asof hy uit die toneel ontsnap.

- Hoe die kunswerke na Afrika/inheemse kunsvorme verwys.

Die uitgerekte ledemate van die jagters wat mekaar oorvleuel en 'n hegte gemeenskap vorm in Figuur 2a, herinner ons aan Rotskuns. Die jagters is nie besig om aktief te jag nie, miskien berei hulle voor vir 'n jagtog. Dit lyk of hulle eerder as 'n model vir ‘n kunstenaar poseer, bv. die man wat oor sy skouer in die kyker se rigting staar. Die gesigte van die jagters het soortgelyke eienskappe soos Afrika-maskers, dit word gesien in die vorm van die oë, die vereenvoudigde gelaatstrekke soos die neus, die vorms van die koppe en die gebrek aan detail.

Rotskuns is ook sigbaar in Figuur 2b. Die dier aan die linkerkant kan 'n eland wees, 'n gewilde dier wat in Rotskuns uitgebeeld word. Die beperkte kleurgebruik herinner ons ook aan rotskuns. Die figure in die kunswerk kan betrokke wees by 'n reënmaak aktiwiteit,

beswymingsdans of 'n jagaktiwiteit. Ons sien die eland word in proporsie uitgebeeld, maar nie die mense nie. Die figuur aan die regterkant lyk uitgerek.

Kandidate moet 'n vergelyking probeer tref indien geen vergelyking gemaak word nie, moet 1 punt afgetrek word.

(8)

2.2 Kandidate moet 'n opstel skryf waarin hulle spesifiek verwys na enige TWEE kunswerke van TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars wat deur Afrika en/of inheemse kunsvorme beïnvloed is.

Hulle antwoord moet die volgende insluit:

- Name van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke✓✓
- Gebruik van medium en tegniek✓✓
- Stylkenmerke✓✓
- Inspirasie vir die kunswerke✓✓
- Hoe Afrika/inheemse invloede sigbaar is in die kunswerke✓✓✓✓

(12)

**[20]**

# VRAAG 3

## SOSIO-POLITIEKE KUNS – INSLUITENDE WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970'S EN 1980'S

3.1

- Die gebruik van verskillende beelde/simbole en die moontlike betekenis.

Wanneer ons na die nabyskoot van die meisie se gesig in Figuur 3a kyk, kry ons amper die idee van 'n bediende, 'n kind wat deur 'n gesin vir hul gewin gebruik word. Die voëls en skoenlappers wat in hierdie kunswerk gesien word, kan 'n lewe van vryheid simboliseer, 'n wêreld van ontvlugting. In een lewe werk die meisies as bediendes, in die ander lewe is hulle vry, soos gesien in die vlerke op hul rug. Daar word nie genoeg aandag aan hierdie meisie se ontwikkeling gegee nie. Hulle staan in 'n sirkel, die idee van 'n ritueel word geskep. Die meisies dra nie behoorlike klere nie, ook 'n aanduiding van slawerny, hulle dra komberse of net 'n broekie. Daar is draad om hulle bene, hulle is vasgevang daarin, hulle kan nie met hul daaglikse lewe aangaan soos 'n jong meisie moet nie.

Die skildery in Figuur 3b beeld die chaos uit van die massabetogings toe skares mense die strate regoor die land ingevaar het. Daar word balle aan die brand gesteek en oor die toneel gegooi. Vuvuzelas word aan die linkerkant in die lug gesien ('n lang horing wat deur ondersteuners by sokkerwedstryde in Suid-Afrika geblaas word), wat 'n baie harde geluid maak wanneer hulle geblaas word. 'n Blik met traangas is oopgemaak en die rook trek deur die lug, dit maak die gesigte van die betoger minder sigbaar. Al die elemente wys hoe die skare betogers die verkiesingsuitslag betwis en hoe geweld uitgebreek het. Die banier wat in die lug gehou word deur 'n betoger aan die linkerkant van die werk, verwys na die idee van die naakte figuur in Europese kunsgeskiedenis, en trek 'n parallel tussen politieke idees en estetiese smaak. Hierdie individue is ontsteld, aangesien die kru werklikheid intree, die beloofde land is nie bereikbaar nie.

- Stemming/atmosfeer wat geskep word.

As gevolg van die gebruik van swart in Figuur 3a, word misterie geskep, 'n gevoel van onrustigheid en angstigheid. Die atmosfeer in Figuur 3b is een van vernietiging, verwarring, ontwrigting en onrus. Met alles wat in die chaos aangaan, wil mens nie deel wees van die toneel nie.

- Die kleurgebruik.

Die meisies in Figuur 3a is swart geverf. Die kleur swart kan emosies soos hartseer en woede oproep. Hulle is dalk swart geverf om die kyker te laat fokus op die storie wat vertel word, om die kwessie van geweld/diskriminasie teenoor jong meisies aan te spreek, en nie om die meisies in pragtig gekleurde uitrustings te sien nie. Die kleur laat ons op die negatiewe aspek fokus.

Die kleurgebruik in Figuur 3b bestaan uit skakerings van blou, groen en grys. Die kleure lyk gesmeer, morsig, wat bydra tot die wanorde in die toneel. Die rooi kleur (die man aan die

regterkant se hemp, vlae bo, man se hoed aan die linkerkant) verskyn tussen die koue kleure in die kunswerk.

- Verduidelik die titels van die twee kunswerke, "*Flying girls*" en "*The Promised Land* ".

Om te vlieg beteken om deur die lug te beweeg. Meisies kan nie regtig vlieg nie, maar in hierdie geval dui die titel hul vlug na vryheid aan. Die beloofde land, was die land wat aan Abraham en sy nageslag gegee is volgens die belofte wat God in die Bybel gemaak het. Die beloofde land kan ook verwys na 'n gelukkige plek of gevoel wat iemand wil bereik, 'n plek waar drome of hoop waar kan word.

(8)

3.2 Kandidate moet TWEE spesifieke kunswerke interpreteer deur Suid-Afrikaanse kunstenaars wat hulle voel sterk sosio-politieke kommentaar in hul werk gemaak het. EEN kunswerk van elke kunstenaar moet bespreek word.

Verwys na die volgende:

- Name van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke✓✓
- Gebruik van formele kunselemente✓✓
- Beelde en media/tegnieke wat gebruik is✓✓
- Stemming/atmosfeer wat geskep word.✓✓
- Verduidelik waarom die kunswerke as sosio-politieke kunswerke gesien kan word.✓✓✓✓

(12)

**[20]**

# VRAAG 4

## KUNS, HANDWERK EN SPIRITUELE WERKE HOOFSAAKLIK VAN LANDELIKE SUID-AFRIKA

4.1 Kandidate moet slegs na TWEE van die DRIE kunswerke verwys:

- Identifiseer die dominante visuele beelde wat in elke kunswerk voorkom. Verskaf redes vir jou antwoord deur na die komposisie en moontlike betekenisse te verwys.

Die drie figure is dominant in Figuur 4a. Hulle is so geplaas dat die kyker se oë op elkeen van hulle sal fokus, begin met die man (Jesus) bo, en dan afkyk na die twee individue aan die kante. Omdat daar so baie figure in Figuur 4b is, is die komposisie besig en sal die kykers op Jesus aan die bokant fokus en dan afbeweeg na die aktiwiteit onder.

In Figuur 4c is die drie mans met toue aan die kruis vasgemaak, dit lyk soos 'n vissersboot se toue. Hulle is die drie hooffokuspunte in hierdie kunswerk en elkeen word op 'n paneel van die triptiek geplaas. Die dame aan die linkerkant wat die baba vashou trek ook aandag. Dit lyk of sy die baba in die lug hou, asof sy die kind opoffer of aanbid. Kan dit dalk baba Jesus wees? Die vroue is meer modern geklee, gesien in die hoëhakskoene, met die fokus op die hede.

- Die styl en tegniek wat in die kunswerke voorkom.

Die styl in Figuur 4a is vereenvoudig, daar is min detail op die gesigte van die mense, 'n plat agtergrond en 'n paar kleurskakerings. Die mense word nie realisties uitgebeeld nie, die kop van Christus is te klein vir sy liggaam en die voete lyk soos 'n spotprenttekening. Die figure in Figuur 4b lyk asof hulle uit hout uitgekerf is, meer realistiese kenmerke word hier gesien, maar met fasetvlakke, soortgelyk aan Kubisme. Figuur 4c is op 'n realistiese wyse geverf, op sommige plekke is die kwashale sigbaar, soos gesien in die agtergrond en op die klere van die mense.

- Bespreek die emosionele toon/aard/stemming van die werke en hoe dit uitgebeeld word.

Figuur 4a kom hartseer voor, maar die emosie word nie sterk uitgebeeld nie as gevolg van die ligte gebruik van kleur en die distorsie op die gesigte van die mense. Die twee mense aan die kante wys ook nie veel emosie nie, die een regs, lyk nogal vererg asof sy wag dat die tyd moet verbygaan.

In Figuur 4b word emosies op die gesigte van die mense gesien, sommige lyk hartseer en ander geskok. Dit is ’n ontstellende toneel, en die mense se lyftaal help om die hartverskeurende voorval uit te beeld. Die stemming in Figuur 4c lyk meer rustig, die gesigte van die mense wys nie regtig dat hulle in nood verkeer nie, maar eerder dat hul wag vir iets om te gebeur. Sommige van die mense wat uitgebeeld word, lyk verveeld en stel nie regtig belang in wat aan die gang is nie.

- Verskille en ooreenkomste in die kleurgebruik en die betekenis daarvan.

In beide kunswerke word primêre en sekondêre kleure aangetref, maar die kleure verskil in helderheid. Albei agtergronde is eenvoudig, Figuur 4a is wit en Figuur 4b is blou. Daar is skakering van geel en goud in albei kunswerke, wat goddelikheid en krag in hierdie godsdienstige omgewing aandui. Die liggaam van Jesus is 'n vaalgroen kleur, wat aandui dat hy gesterf het, net soos die wit liggaam van Jesus in Figuur 4a. Die kleur rooi in beide kunswerke kan die bloed van Jesus simboliseer. Rooi is ook die kleur van liefde, wat wys dat die mense vir Hom omgegee het, maar nou wys die rooi woede, aangesien Jesus oorlede is. Die gebruik van blou skep 'n kalm effek, soos gesien in die lug in Figuur 4a en die blou lug in 4b. Die blou lug verteenwoordig die oneindige, ewigheid en transendensie.

Die blou klere in Figuur 4c staan uit teen die donkerder kleure. Die dame met die rooi rok aan die linkerkant staan ook uit. Vleeskleure, wat wissel van lig tot donker, word vir die mans gebruik, wat wys dat hulle nog lewe. Die donker agtergrond kan verwys na die toekoms, die dood van die mans.

(10)

4.2 Kandidate moet die belangrikheid, stylkenmerke en simboliese betekenis van TWEE kunswerke van EEN ander Suid-Afrikaanse kunsvlyt of geestelike kunstenaar/vakman wie se werk hulle bestudeer het, bespreek.

Jou antwoord kan die volgende insluit:

- Naam van EEN kunstenaar en titel van TWEE kunswerke✓✓
- Invloede op die kunstenaar✓✓
- Onderwerp en simboliese uitbeelding✓✓
- Stylkenmerke✓✓
- Betekenis oorgedra deur die kunswerke✓✓✓✓

(10)

**[20]**

# VRAAG 5

## MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN GEWILDE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA

5.1

- Is die kunswerke terreinspesifiek? Motiveer jou antwoord.

Ja, Figuur 5a sou slegs op die spesifieke terrein kon plaasvind waar die kunstenaar dit bedoel het om te wees. Figuur 5b sal ook terreinspesifiek wees, aangesien die installasie so groot is, dat dit nie noodwendig in enige ruimte/kamer/area sal kan inpas nie.

- Watter kunswerk sou jy sê is meer suksesvol/grootste impak en hoekom?

Die kandidaat se antwoord moet in ag geneem word, byvoorbeeld, ek voel dat Figuur 5b die grootste impak op my het, want ek dink die ervaring en atmosfeer wat hierdie installasie op die kykers sal hê is treffend. Omdat die tafel en stoele groter in skaal is, is dit nie iets wat jy elke dag kan ervaar nie. Die vakmanskap is ook uiters goed uitgevoer.

- Verduidelik die moontlike simboliese betekenis/boodskappe van die kunswerke en hoe dit met die titels verband hou.

Die kyker sal die lyne volg wat deur die wiele van die motor in Figuur 5a geskep word. Hierdie lyne skep ritme, kurwes, sirkels en kleurruimtes. Die motor in hierdie kunswerk word 'n bekwame kunstenaar, dit is nie net 'n pragtige model (motor) nie. Die spore wat die motor agterlaat is tweedimensioneel en dit word gekombineer met die driedimensionele ruimte van die bestuur-ervaring. Die titel is '*Expression of Joy*', asof die bestuurder van die motor sy gevoelens en emosies kan uitdruk wanneer hy alleen in sy motor ry, hy kan vinnig ry en hoef oor niks te bekommer nie. Sy emosies word in kleur op die oppervlak deur die verf in die wiele uitgebeeld.

*'Table and Four Chairs'* (Figuur 5a) is presies wat die titel sê. Die titel fokus op wat uitgestal word en laat die kyker net daarop fokus. Dit dra by tot die impak van die installasiestuk omdat die kyker die enorme grootte van die meubels moet ervaar. Om rondom/onder die meubels te loop sal verskillende reaksies by individue skep. Miskien maak dit ons bewus van die dinge in die lewe wat ons nie kan beweeg/verander nie. Dit maak ons bewus daarvan om hierdie dinge in die lewe te aanvaar, en anders te kyk na die basiese dinge in die lewe wat ons as vanselfsprekend aanvaar.

(8)

© SACAI KOPIEREG

5.2 Kandidate moet die werk van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars bespreek wat van nie-tradisionele media en/of tegnieke gebruik maak om 'n boodskap oor te dra. Hulle moet verwys na EEN kunswerk van elke kunstenaar.

Die opstel moet die volgende insluit:

- Name van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke✓✓
- Beskrywing en ontleding van die kunswerke✓✓✓✓
- Kleur, materiale en tegnieke wat gebruik word✓✓
- Boodskap en/of betekenis✓✓✓✓

(12)

**[20]**

# VRAAG 6

## POST-1994- DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA

6.1 Kandidate moet slegs TWEE van die DRIE gegewe beelde kies.

- Bespreek die belangrikheid van die komposisies.

Die komposisie in Figuur 6a se fokuspunt is aan die regterkant, naby die middel van die kunswerk. Die figure word in 'n ry geplaas, hulle loop vorentoe, van die ander figure wat agter is het minder detail. Die diagonale lyn wat deur die groep wandelende meisies geskep word, begin voor by die eerste meisie in die ry en lei die kyker se oog na die agterkant van die kunswerk, wat diepte skep. Die ry meisies is die fokuspunt en dit maak dus die storie van die meisies belangrik.

Die masjien waarop die man in Figuur 6b sit, neem 'n groot deel van die komposisie in beslag. Die fokus hier is steeds op die man se gesig wat bo-op die baksteentrok sit. Deur die vragmotor so groot te maak, fokus ons outomaties op die taak wat hy verrig. In die agtergrond is die lug sigbaar.

Deur slegs 'n gesig (portret) in Figuur 6c in die middel van 'n kunswerk te plaas, dwing die komposisie die kyker om die persoon wat uitgebeeld word, verder te ondersoek.

- Die belangrikheid van die gesigsuitdrukkings van die individue wat verband hou met hul identiteit.

Die meisies in Figuur 6a lyk tevrede. Sommige van die gesigsuitdrukkings is nie duidelik nie, maar die meeste van hulle lyk ontspanne. As hierdie meisies nog op skool is, lyk dit asof hulle tevrede is met die stadium in hulle lewe, hulle is saam as 'n groep vriende, hulle voel dat hulle behoort en iets in gemeen het met ander groeplede.

Die baksteentrokbestuurder in Figuur 6b lyk trots op sy nederige werk, hy glimlag en kyk na die kyker, geëerd en tevrede om die bestuurder te wees. Ons fokus meer op sy individuele identiteit; dit verwys na persoonlikheid en individualiteit wat deur elke persoon in sy eie reg gehou word. Figuur 6b laat die kykers fokus op die belangrikheid van enige werk en die rol wat dit speel in die samelewing. Ons land se werkers word uitgebeeld as individue met heroorweegde status en belangrikheid. Die man in Figuur 6c verberg sy ware identiteit agter die geweefde patroon, en verberg ook sy identiteit vir die samelewing.

Die man in Figuur 6c kyk na die toeskouer, tevrede met homself. Hy wil dalk sy homoseksualiteit wegsteek, maar hy lyk steeds trots op wie hy is. Deur 'n stuk materiaal te gebruik wat tipies deur 'n vrou gedra word, laat dit ons fokus op mans vir wie dit taboe is om hierdie kopdoeke in die openbaar te dra, aangesien dit homoseksuele neigings sou aandui.

- Hoe dra die agtergronde van die kunswerke by tot die betekenis van die kunswerk?

In beide Figure 6a en 6b bestaan die agtergrond slegs uit die lug. Deur nie 'n besige agtergrond in hierdie beelde te hê nie, sal die kyker fokus op die meisies wat loop en die man op die trok. Die agtergrond dra net by tot die toneel en neem nie die aandag van die

fokuspunt weg nie. Die afdruk in Figuur 6c is met materiaal geweef, dit word deel van die agtergrond. Weereens is die aandag op die gesig van die man, en die geweefde motief verwys na 'n vroulike taak, wat sy homoseksualiteit uitwys.

(10)

6.2 Kandidate moet die kunswerke bespreek van TWEE ander Suid-Afrikaanse kunstenaars wat hulle bestudeer het wat ook identiteit bevraagteken en daaroor reflekteer. Hulle moet in hul antwoord na EEN spesifieke kunswerk verwys.

- Name van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke✓✓
- Enige inligting wat ingesluit is✓✓✓✓✓✓✓✓✓✓

(10)

**[20]**

# VRAAG 7

## GESLAGSKWESSIES

7.1

- Die manier waarop die figure in beide kunswerke uitgebeeld word.

In Figuur 7a sit die kunstenaar met haar bene oop, slingerend, soortgelyk aan hoe 'n man sou sit. Sy staar na die kyker, met arms wat op die stoel se armleuning rus. Sy word as 'n vrou uitgebeeld, maar nie baie vroulik nie.

Die vroue se liggame in Figuur 7b word naak uitgebeeld, meeste staan, rook en kyk in die spieël. Die vroue lyk lenig en mooi gebou, sommige maerder as ander. Sommige van die vroue voer take uit, soos om skilderye te dra, op lere te klim en verf op die vloer te gooi, meestal naak.

- Die simboliese betekenis van die eiers in Figuur 7a.

Die gebraaide eiers word in die posisie van die vrouens se borste geplaas, dis is 'n verwysing na vroulikheid. Die geel van die eier verteenwoordig die tepels van vroue. Die eiers lyk ook soos oë, die kunstenaar kyk na die toeskouer, en het nou nog 'n nuwe stel oë. Sy weet dat die kyker na haar borste (eiers) sal kyk, wat nou ook terugkyk na die kyker. Die eiers kan ook verwys na vroue wat swanger is, wat elke maand 'n eiersel vrystel om deur sperm bevrug te word, wat bevrugting en swangerskap tot gevolg het.

- Die moontlike rede(s) waarom die vroue in Figuur 7b geen duidelike gelaatstrekke het nie.

Die vroue in Figuur 7b kan enige vrou in die samelewing verteenwoordig. Hulle kan dalk dames van die nag wees wat by 'n dans-/ontkleedklub werk waar hulle voor 'n gehoor optree. Die kykers stel dalk nie in hul gesigte belang nie, maar is eerder aangetrokke tot hul liggame. Hulle oë lyk leeg asof die persoon binne-in die liggaam nie saak maak nie, net die uiterlike.

- Moontlike interpretasie van hierdie kunswerke wat verband hou met die tonele waarin hulle gesien word.

Die naakte vroue in Fig 7b word gesien uit 'n manlike oogpunt wat poog om vroue te ontmagtig as passiewe voorwerpe van manlike begeertes. Hierdie vroue word nie as modelle of muses gesien nie, hulle het die obsessie van die manlike blik geword. Die toneel in Figuur 7a lyk soos 'n huis, miskien 'n kombuis, met 'n paar voorwerpe op die vloer. Die dame in die stoel kan verwys na huisvroue of werkende vroue wat die huis ook moet skoon hou maar min tyd het om dit te doen.

Die vroue in Figuur 7b kan hulself skilder (gesien in die doeke), of dié van hul metgeselle wat voor spieëls poseer. Of dit nou kykers met 'n direkte blik konfronteer of oënskynlik onbewus is van hul teenwoordigheid, die vroue staan as bemagtigde figure gedryf deur hul eie begeertes, eerder as dié van die toeskouer.

Indien geen vergelyking getref word nie, moet 1 punt afgetrek word. (8)

7.2 Kandidate moet enige TWEE kunswerke van TWEE verskillende Suid-Afrikaanse kunstenaars interpreteer wat manlike en/of vroulike identiteit bevraagteken en daaroor besin. Noem die kunstenaars en titels van kunswerke.
Bespreek EEN werk deur elke kunstenaar.

Verwys in jou opstel na die volgende:

- Name van die TWEE kunstenaars en titels van TWEE kunswerke✓✓
- Onderwerp✓✓✓
- Gebruik van materiale en tegnieke✓✓✓
- Hoe geslagskwessies oorgedra word✓✓✓✓

(12)

**[20]**

# VRAAG 8

## ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

8.1

- Hoe effektief is die kubusvorm vir 'n woonstel? Motiveer jou antwoord.

Kandidaat se antwoord moet in ag geneem word. Die helling van die vertrekke, bisarre geometriese mure en die groot, skuins venster gee toeskouers nuwe perspektief, anders as die tipiese verwysingspunte wat ons gewoond is om in argitektuur te sien. Maar vir hierdie woonstel voel ek dat jy dalk tyd nodig het om gewoond te raak aan die uitwaartse kantelvensters. Die kyker kan dalk verward voel as gevolg van die afwesigheid van reguit mure. Hierdie voorkoms is dalk modern, en veral waarna die 'toesluit-en-gaan' persoon soek. Vir iemand wat op soek is na 'n meer knus huis, is hierdie unieke woonstel dalk nie die regte keuse nie.

- Wat is die positiewe en negatiewe aspekte van die meubels/gordyne/ muurversierings vir hierdie huis?

Inwoners gaan 'n uitdaging hê, soos om meubels te koop en aan te pas vir 'n struktuur sonder reguit mure. Soos gesien in die beelde, maak die vorms van die abstrakte vensters en die plasing daarvan dit baie moeilik om gordyne op te hang of blindings te installeer. Mense sal nie soveel privaatheid kan hê soos in 'n gewone woonstel nie. Meubels moet spesiaal gemaak word vir die ingewikkelde ruimtes, meestal saamgestel uit hoeke wat nie gebruik kan word nie.

- Die gebruik van geel vir die buitekant van die woonstelle.

Die geel fasade het 'n sielkundige effek, dit skep optimisme en helderheid. Geel is 'n gelukkige kleur wat kreatiwiteit en energie skep. Dit skep 'n opbouende stemming in die woonstelle, wat die gevoel van nuwe lewe skep. Geel sal ook die kyker se oog na die woonstelle lok.

**EN**

Kandidate moet TWEE voorbeelde bespreek van Suid-Afrikaanse geboue wat hulle inspirerend vind weens die innoverende gebruik van materiale en boutegnieke.

**[20]**

## GROOT TOTAAL: [100]

© SACAI KOPIEREG